

Woensdag 6 Junie

Skrifgedeelte: Esra 6:19-22

Fokusgedeelte: Esra 6:22

God gryp altyd in om sekerheid en vreugde te bring

Aan die einde van Esra 6 lees ons van Israel se VREUGDE. Hulle vier die paasfees met vreugde. Was nagmaal al ooit vir jou 'n belewenis van groot vreugde? Die paasfees het immers met Christus se koms in die nagmaal oorgegaan.

Wat het hierdie vreugde by die Israeliete veroorsaak? Tot hertoe in die boek Esra is dit duidelik: *die Here se ingrype in hulle lewe loop telkens uit op vreugde*. Hy gryp in en stuur hulle in ballingskap toe hulle Hom verlaat. Hy gryp in Kores se besluitneming in en laat die Israeliete jare later weer terugkom. Alles het die Israeliete net sterker gemaak, want terug in die beloofde land besef hulle dat heidense invloede nooit weer op hulle godsdiens mag inwerk nie.

Die Here gryp weer in deur Haggai en Sagaria toe hulle vir hulle vyande skrif en ophou bou aan die tempel. Hulle word aangespoor om weer te bou. Hy gryp weer in toe Hy dit bewerk dat Darius opdrag gee om de tempel op Persië se koste te voltooi, en hulle vyande niks daaroor te sê het nie.

Christus het diep in jou lewe ingegryp en die vreugde van die ewige lewe gebring. Soos die paasfees destyds, herinner die nagmaal vandag nog duideliker aan die vreugde wat Christus vir ons gebring het. Lewe elke dag met vreugde, want jou Here sal nooit hulpe-loos toekyk nie. Hy *sal* altyd ingryp tot jou beswil, sodat jou lewe *beslis* sal uitloop op ewige vreugde. Paasfees, en nagmaal nog meer, vier die vreugde van sekerheid dat God al-tyd ten goede sal ingryp.

Sing: Psalm 146-1:2, 3

Ds. HJ (Hennie) Briel (Petrusburg/Boshof)